MEMORANDUM

No. 13 van 2007: ABC Punte Toekenning

Staatmakers kan as volwasse lede van Die Voortrekkers punte verdien deur bywoning en/of aanbieding van sekere aktiwiteite.

Definisies

Staatmakergroep Byeenkoms

Byeenkoms van die Staatmakers van ‘n spesifieke groep. Gewoonlik op ‘n gereelde basis, elke week of elke tweede week. Kan ook bekend staan as ‘n Staatmakergroep vergadering.

Staatmakergroep Kamp

Dit is ‘n kamp wat deur die Staatmakergroep gereël is vir welke doel ook al.

Staatmaker Skakelaksie

‘n Byeenkoms wat gereël is deur ‘n Staatmakergroep, met die doel om ander Staatmakers of Staatmakergroepe te leer ken en te sosialiseer. ‘n Voorbeeld van ‘n Staatmaker Skakelaksie is die Maseresies, Twakpraat Olimpiade, OBS Dinee, ens.

Gebiedskamp

‘n Kamp wat deur die gebiedsbestuur goedgekeur is waarop verskeie kentekens aan jeuglede aangebied word. Op ‘n gebiedskamp kan daar ook volwasse opleiding aangebied word.

Interstatie

Die gebiedsaamtrek vir Staatmakers.

Nasionale Interstatie

Die nasionale saamtrek vir Staatmakers:

Informele Opleiding

Enige opleiding wat aangebied word wat nie as ‘n volwasse opleidingskursus deur Die Voortrekkers omskryf word nie.

Formele Opleiding

Enige opleiding wat in die vorm van ‘n kursus deur Die Voortrekkers as ‘n volwasse opleidingskursus omskryf en aangebied word.

Werwing

Die werwing van ‘n volwasselid vir jou Staatmakergroep. Hierdie persoon kan ‘n nuwe lid of ‘n bestaande lid van Die Voortrekkers wees.

PD Aktiwiteit

‘n Aktiwiteit wat deur penkoppe en drawwertjies bygewoon word.

Verkenner Aktiwiteit

‘n Aktiwiteit wat deur verkenners bygewoon word.

Gebiedskamp Kursusaanbieder

‘n Staatmaker wat ‘n kursus of ‘n gedeelte daarvan aanbied op ‘n gebiedskamp.

Gebiedskamp Kursusleier

‘n Staatmaker wat ‘n kursus koördineer of optree as die sameroeper daarvan op ‘n gebiedskamp.

Dagbestuurlid van Gebiedskamp

‘n Staatmaker wat deel is van die dagbestuur van ‘n gebiedskamp. Gebiedskampleier, -sekretaris, -penningmeester, -adjudant, -veldkornet, ens.

Gebieds- / Nasionale Komiteelid

‘n Staatmaker wat deel is van en dienslewer op enige gebiedskomitee of nasionale komitee van Die Voortrekkers.

Toekenning van Punte

Daar kan slegs een keer per ‘n aktiwiteit punte verdien word. ‘n Staatmaker kan nie punte verdien vir die bywoning en die aanbieding van dieselfde Staatmakergroep byeenkoms nie.

Bywoning

AKTIWITEIT	PUNT PER AKTIWITEIT	MAKSIMUM PUNT
Staatmakergroep Byeenkomste	4	40
Staatmakergroep Kamp	10	10
Staatmaker Skakelaksie	5	20
Gebiedskampe	10	30
Interstatie	10	10
Nasionale Interstatie	10	10
Informele Opleiding	5	10
Formele Opleiding	10	20
		150

Aanbieding

AKTIWITEIT	PUNT PER AKTIWITEIT	MAKSIMUM PUNT
Werwing van ‘n Staatmaker	5	5
Staatmakergroep Byeenkoms	5	10
Staatmakergroep Kamp	5	5
Staatmaker Skakelaksie	10	20
PD Aktiwiteit	5	10
Verkenner Aktiwiteit	5	10
Gebiedskamp Kursusaanbieder	10	10
Gebiedskamp Kursusleier	20	20
Dagbestuurlid van Gebiedskamp	20	20
Informele Opleiding	5	10
Formele Opleiding	10	20
Gebieds- / Nasionale Komiteelid	10	10
		150

‘n Staatmaker het die potensiaal om 300 punte gedurende ‘n kalenderjaar te verdien.

Uitsonderings

Uitsonderings word deur die dagbestuur van die Staatmakergroep hanteer. Hulle moet billik en redelik optree en die gemiddelde Staatmaker as maatstaf gebruik. Hierdie beginselbesluit van die dagbestuur is van toepassing op alle Staatmakers van die groep.

Prestasie Kriteria

Minder as 80	Onder Gemiddeld
80 – 130	Gemiddeld
130 – 180	Bo Gemiddeld
Meer as 180	Besonders